ANTARCTIC AND ISLAND DIVISION.
==========

NUUSBRIEF - GOUGH-EILAND - MAART 1989

ONS IS BESIG OM DIE HALFPADMERK VAN ONS VERBLYF OP GOUGH-EILAND TE BEREIK.MOEDERNATUUR WYS ONS DAAROP DAT ONS OOK DIE WINTERTYDPERK INGAAN.

DIE GEELKUIFPIKKEWYNE IS BESIG OM TE VERVEER WAARNA HULLE DIE EILAND VIR DIE WINTERMAANDE SAL VERLAAT.JONG GROOTMALMOKKE WAT SO PAS DIE NES VERLAAT HET IS ORAL IN DIE LUG TE SIEN TERWYL DIE VOLWASSE GROOTMALMOKKE MEKAAR DIE HOF MAAK MET AANSKOULIKE PARINGSDANSE.MEESTE VAN DIE WYFIES HET REEDS EIERS GELE.DIE JONG GEELNEUS- EN BRUINMALMOKKE WAT NOG OP DIE NES SIT IS OOK BESIG OM TE VERVEER.DIE GRYSBORSSTERRETJIES SE KLEINTJIES HET BEGIN VLIEG EN GEEN MENS OF ROOFMEEU KAN DIT NABY WAAG SONDER OM DEUR DIE OUERS AANGEVAL TE WORD NIE.ONS MERK OOK GEREELD GROOT SKOLE DOLFYNE WAT BY DIE EILAND VERBYTREK.

DIE JONG GOUGH-EILANDWATERHOENDERS BEGIN KLEUR KRY AAN DIE ROOI HUID OP HULLE VOORKOPPE.ONS MAK BASIS WATERHOENDERS EN HULLE KLEINTJIES IS GEDURIG OM DIE KOMBUIS AUROEPENDE OM AFVALKOS. INDIEN DAAR NIE VINNIG GENOEG NA HULLE SIN REAGEER WORD NIE EN HULLE VIND N OOP DEUR, STAP HULLE EENVOUDIG IN EN KYK OF HULLE NIE SELF IETS KAN VIND NIE.ONGELUKKIG HOU HULLE DAARVAN OM TE WYS HULLE WAS IN DIE BASIS DEUR HULLE MERK TE LAAT.

BINNE DIE BASIS HET DIE JONG MUISE SAAM MET DIE GROTES INGEVAL EN DIE AANSLAG WAS OORWELDIGEND.DIT HET N NUWE BELANGSTELLING IN MUISVANG ON KETEN EN ALMAL WAS BESIG MET NUWE IDEE VIR LOKVALLE.DIT HET GEWISSELD VAN DAN SE ELEKTRIESE VAL TOT PHILIP SE VIERDUBBELE MUISVALLETJIES IN N TONNEL.MUIS SE KIND AS ESTE E UITGESLAPE EN HET GOU GEDEER OM DIE TWEE VALLE TE VERMY. ROBIN HET GEHOU BY SY JAAG-DUIK-EN-PLAKKIE METODE WAT OOK MEESTAL ONSUKSESVOL WAS.HANS EN ANDRE HET NA BAIE BEPLANNING EN VELE TOETSMODELLE DIE BLIK EN BALANSEERPLANKSTEL SO NE S E VERVOLMAAK EN DAAR IS NOU N DUIDELIKE AFNAME IN MUISBEDRYWIGHEDE OM DIE KOSBLIKKE.

VAN KOS GEPRAAT...PHILIP SE GEREELDE WORS EN SMASH WORD NOU SELFS MET N VARIASIE VAN SOUSE VOORGESIT...HOOGTYD.EUGENE VIND DIT WEER BETER OM N VLER AAN TE PAK, N SKAAPBOUD UITGIES DAAROOR TE BRAAI EN DAN VERDER IN DIE OOND GAAR TE MAAK.ROBIN GLO WEER OM TE HOU BY SY DEEGLIK BEPROEFDE MAALVLEIS EN PASTA. HANS HERHAAL GEREELD SY HOENDERGEREG EN JO BLY MEESTER VAN DIE VERSUAAP-EEN-UUR OF KORTER GEREGTE.DAN VERRAS ONS GEREELD MET EEN OF ANDER GEBAK.

ONS HET HIERDIE MAAND DIE SKOONMAAK VAN DIE -CATWALKS- AANGEPAK. ONS HET TRAAG AFGESKOP EN ELKE OGGEND IS DAAR GEHOOP OP REEN SODAT ONS NIE KAN WERK NIE.BAIE DAE HET DIT GELUKKIG GEREEN EN HET ONS SO N RUSKANSIE GEHAD.SOMS HET DIE SON HARD OP ONS GEBAK EN VERAL DAN MET SY KAALKOP HET DIT ONTGELD, MAAR PIENK HET HY VOLHARD.PHILIP HET DIE GRASSNYER HANTEER TERWYL DIE RES VAN ONS NIE KON BESLUIT OF DIE LUG VAN DIE -CATWALKS- OF DIE UITTREK VAN GRAS DIE MEESTE LYFWEGSTEEK IS NIE.AAN DIE ORDE VAN DIE DAG WAS DAAR BAIE AANMERKINGS EN SKIMPE.GEDURENDE HIERDIE WERKSURE IS WEERKUNDIGE LESINGS GRETIGLIK UURLIKS GEDOEN WAAR DIT ANDER DAE TRAAG DRIE-UURLIKS GEDOEN IS.WATERPYPE HET OOK PLEK-PLEK AANDAG GENIET EN DIE SPUITENDE WATER HET EERS N SPELETJIE EN DATER N WATEROORLOG LAAT PLAASVIND.NA BAIE VOORSTELLE, VERSKILLE EN VELE BASE IS DIE WERK DAREM AFGEHANDEL.

==========

ZCZC 624 01621
AAHQ16 FAGE 040909
GP 377

G34/135

ANTARCTIC AND ISLAND DIVISION.
==========

ONS HET NIE NET GEEET EN GEWERK NIE.DAAR WAS HIERDIE MAAND OOK HEELWAT PRET.PHILIP HET VERJAAR EN DIE TEMA WAS SEEROWERS. HANS HET GESORG VIR DIE EETGOED EN OOK VIR PHILIP N KOEK IN DIE VORM VAN N MOTOR GEBAK.DIE SEEROWERS WAS ALMAL DAAR, HANS MET SY HOUTBEEN, JO MET SY LEETSELS, ANDRE MET SY PAPAGAAI EN OOK DIE ANDER.OOGKLAPPE, MESSE, SWAARDE, GEWERE, KOPDOEKE EN VELE ANDER KENMERKE VAN SEEROWERS WAS TE SIEN.DIE VOLGENDE DAG ...DAAR WAS NIE EERS GEKOOK NIE EN MEER HOEF EK NIE TE S E NIE.

HIERDIE MAAND WAS OOK GEKENMERK DEUR HOE WINDE , BAIE MIS EN HEUWIGE NAGVOELAANVALLE.DIE WEER WAS DUS TE ONPLESIERIG OM ENIGE LANG STAPTOGTE AAN TE PAK.

GROOT WAS ONS VERBASING TOE ONS MAANDAGAAND DIE DERTIENDE DIE NATUUR SE SIGBARE TEKEN VAN MAGNETIESE EN IONOSFERIESE VERSTEURING VANAF GOUGH-EILAND WAARNEEM, BEKEND AS -AURORA AUSTRALIS- SUIDERLIG.HELDER GOLWE VAN ROOI EN P ERS HET MEKAAR OPGEVOLG, BEKEND AS -FLAMING AURORA-.SELFS DIE VIER SPANLEDE WAT REEDS N JAAR OP ANTARKTIKA DEURGEBRING HET IS DIT EENS DAT ONS N BESONDERE VERTONING BELEEF.-NGEVEER VYF UUR LATER FOKUS LANG LIGSTRALE OP EEN PUNT IN DIE UITSPANSEL EFFE NOORD VAN ONS EN BRING DIE SKOUSPEL TOT N HOOGTEPUNT MET N VERSKYNSEL BEKEND AS -AURORA CORONA-.

TWEE SKEPE VAAR DAN OOK VERBY GOUGH EN GESELS PER RADIO MET ONS.DIE NEGENDE VAAR N ARABIESE SKIP VERBY EN GROET MET DIE BLAAS VAN SY MISHORING.ALMAL NEEM FOTOS EN ONS ANTWOORD MET LIGFAKKELS.DIE VOLGENDE DAG VAAR N BRASILIAANSE SKIP VERBY AAN DIE ANDER KANT VAN DIE EILAND BUITE SIG MAAR GESELS MET ONS.DIE SKIP SE NAAM IS -CHRISTINA ISABEL- EN DIE KAPTEIN DEEL ONS MEE DAT HY MOONTLIK VULKANIESE AKTIWITEITE NABY GUOGH-EILAND IN DIE SEE WAARGENEEM HET.OP HULLE VAART IS N GEEL KOL IN DIE SEE OPGEMERK ONGEVEER EEN MYL IN DEURSNEE.BORRELS ASOOK STOOM HET VOORGEKOM EN DIE DIEPTE WAT HULLE GEMEET HET WAS NEGENTIG METER.DIE WAARNEMINGS HET ALMAL SE VERBEELDING LAAT WEGHOL EN SKRIKWEKKENDE GEDAGTES IS GEWISSEL.

ONS ALMAL SIT NOU NET EN WAG VIR DIE AFRIKANA EN WAT DAAR DALK IN DIE VERWAGTE PAKKIES MAG WEES.VERDER IS ALMAL SPEKVET EN GESOND.DIE DAT DIE SKAAL WAT IN DIE BADKAMER GEPLAAS IS HEELTEMAL GEIGNOREER WORD.DIE KOMENDE MAAND KAN WEER SORG VIR HEELWAT OPWINDING, TWEE VERJAARSDAE EN MOONTLIK DIE BESOEK VAN DIE AFRIKANA.LEES GERUS IN ONS VOLGENDE NUUSBRIEF DAAROOR.

GROETE AAN ALMAL TUIS VAN GOUGH 34.

WEERDATA - MAART 89.
==========

TEMPERATUUR : GEM. VIR MAAND : 13,3
HOOGSTE MAX : 19,6
LAAGSTE MIN : 6,4

GEM. RELATIEWE VOGTIGHEID : 80 PERSENT.

TOTAAL SONSKYN : 112,0 URE
DAAGLIKSE GEM. : 3,6 URE.

TOTAAL REENVAL : 249,3 MM
MAX IN 24 URE : 90,2 MM
DAE SONDER REEN : 8

HOOGSTE WINDSTOOT : 39,9 M/SEK.

==========

NUUSBRIEF OPGESTEL DEUR ANDRE MEYER - METKASSIE.

==========

7/4/89

NNNN